**Sondag 30 Oktober**

**Skrifgedeelte: Handelinge 2:22-28 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Handelinge 2:28**

## Die lewenswandel met die Here bring vreugde

Is jou lewe ’n fees? Soms wel, soms nie, sal jy waarskynlik sê. Dis mos hoe die lewe maar is.

Petrus preek op Pinksterdag in Jerusalem. Die uitstorting van die Heilige Gees het plaasgevind op hierdie dag, wat al vir baie jare ’n bekende en belangrike Joodse feesdag was. Die Israeliete het dan elke jaar die eerste opbrengs van hulle oes aan die Here kom wy.

Petrus benut dadelik die geleentheid om die korrekte feite oor die uitstorting van die Heilige Gees en die betekenis daarvan onder die aandag van die skare te bring. Alles draai om die werk van Jesus van Nasaret wat vir die begenadigde kinders van die Here gely en gesterf het. God het Jesus egter uit die smarte van die dood kom verlos deur Hom lewend te maak. Die doderyk kon Jesus nie gevange hou nie. Hy het opgestaan!

Dis die oes van die verlossingswerk van Christus dat almal wat in Hom glo, sal lewe, al het hulle ook gesterwe. Dit maak hierdie Pinksterfees, hierdie Oesfees, so besonders. Ter bevestiging hiervan haal Petrus in ons fokusgedeelte uit Psalm 16:8-11 aan.

Dawid loof die Here in dié gedeelte oor die gawe dat die Here hom die paaie van die lewe leer. Met so ’n lewenswandel is ’n mens altyd naby die Here en daarin lê ware vreugde.

As jy dus ware lewensvreugde wil ervaar, moet jy die hand van sy Here nooit loslaat nie. Hy leer jou die regte weg en vul deur sy genade jou hart en lewe met vreugde, selfs in donker dae.

*Sing: Psalm 16:5 (1936) / Psalm 16:4 (2001)*

*Ds. Arnold H Mulder (Emeritus)*